Type of indicator	Is this a Service Delivery Indicator? <input type="checkbox"/> NO <input checked="" type="checkbox"/> YES, Direct Service Delivery If yes , confirm the PSP integrated impact area(s) that the deliverable(s) measured through this indicator will improve (multiple selections can also be made): <input type="checkbox"/> Households and Human Development <input checked="" type="checkbox"/> Cohesive Communities <input type="checkbox"/> Youth Agency and Preparedness <input type="checkbox"/> Economic and Growth Opportunities Is this a Demand Driven Indicator? <input checked="" type="checkbox"/> YES <input type="checkbox"/> NO Is this a Standardised Indicator? <input checked="" type="checkbox"/> YES <input type="checkbox"/> NO
Spatial Location of Indicator	Number of locations: <input type="checkbox"/> Single Location <input checked="" type="checkbox"/> Multiple Locations <input type="checkbox"/> Provincial <input type="checkbox"/> District <input checked="" type="checkbox"/> Local Municipality <input type="checkbox"/> Ward <input type="checkbox"/> Address Detail/Address/Co-ordinates: Determined by applications received and supported. For multiple delivery locations , will this be shared in the Annual Operational Plan (AOP) <input checked="" type="checkbox"/> YES <input type="checkbox"/> NO
Indicator Responsibility	Responsibility manager
Spatial transformation	Spatial transformation priorities: Description of spatial impact: Preserve cultural traditions of communities

Disaggregation of beneficiaries – Human Rights Groups	Target for women: N/A Target for youth: N/A Target for persons with disabilities: N/A Target for older persons: N/A <input checked="" type="checkbox"/> None of the above
Medium-Term Development Plan (MTDP)	Confirm whether the deliverables measured by this indicator contribute towards the following strategic priority areas in the MTDP: <input type="checkbox"/> Strategic Priority 1: Drive inclusive growth and job creation <input checked="" type="checkbox"/> Strategic Priority 2: Reduce poverty and tackle the high cost of living - Social cohesion and nation-building. <input type="checkbox"/> Strategic Priority 3: Build a capable, ethical and developmental state -Improved governance and performance of the Western Cape Cultural Commission. <input type="checkbox"/> None of the above
Provincial Strategic Plan (PSP)	<input type="checkbox"/> G4J <input type="checkbox"/> Safety <input checked="" type="checkbox"/> Educated, Healthy & Caring Society <input type="checkbox"/> Innovation, Culture & Governance <input type="checkbox"/> None of the above
Key deliverables measured for delivery	The processing of transfer payment agreements with registered cultural councils which applied via the funding process. The processing of funding support to the registered cultural councils which contributes to the implementation of their cultural initiatives.

Indicator number	1.2.
Indicator title	Number of facilities upgraded or maintained to ensure suitability and safety for users
Short definition	To maintain facilities to acceptable standards to meet the needs of clients and ensure safety of users.
Purpose	To provide facilities that communities can utilise for programmes /initiatives
Key Beneficiaries	Facility Users
Source of data	List of all cultural facilities filed in an excel document
Data limitations	None
Assumptions	Facilities to be utilised
Means of verification	Maintenance plan, procurement documents (invoice, payment stubs)
Portfolio of Evidence (POE) availability	The WCCC evidence related to the output indicator will be stored on the ECM system in line with the uniformed DCAS filing system. Each document is dated, signed off by the relevant manager, cross-referenced with the TID and includes all required evidence as per the TID.
Method of Calculation	Count
Calculation type	Cumulative <input type="checkbox"/> Year-end <input type="checkbox"/> Year-to-date <input checked="" type="checkbox"/> Non-cumulative
Reporting Cycle	<input type="checkbox"/> Quarterly <input type="checkbox"/> Bi-annually <input checked="" type="checkbox"/> Annually
Desired performance	<input type="checkbox"/> Higher than target <input checked="" type="checkbox"/> On target <input type="checkbox"/> Lower than target

Type of indicator	Is this a Service Delivery Indicator? <input checked="" type="checkbox"/> NO <input type="checkbox"/> YES, Direct Service Delivery If yes , confirm the PSP integrated impact area(s) that the deliverable(s) measured through this indicator will improve (multiple selections can also be made): <input type="checkbox"/> Households and Human Development <input type="checkbox"/> Cohesive Communities <input type="checkbox"/> Youth Agency and Preparedness <input type="checkbox"/> Economic and Growth Opportunities
	Is this a Demand Driven Indicator? <input type="checkbox"/> YES <input checked="" type="checkbox"/> NO
	Is this a Standardised Indicator? <input type="checkbox"/> YES <input checked="" type="checkbox"/> NO
Spatial Location of Indicator	Number of locations: <input checked="" type="checkbox"/> Single Location <input type="checkbox"/> Multiple Locations <input type="checkbox"/> Provincial <input type="checkbox"/> District <input checked="" type="checkbox"/> Local Municipality <input type="checkbox"/> Ward <input type="checkbox"/> Address Detail/Address/Co-ordinates: Determined by applications received and supported. For multiple delivery locations , will this be shared in the Annual Operational Plan (AOP) <input checked="" type="checkbox"/> YES <input type="checkbox"/> NO
Indicator Responsibility	Responsibility manager
Spatial transformation	Spatial transformation priorities: Description of spatial impact: Preserve cultural traditions of communities
Disaggregation of beneficiaries – Human Rights Groups	Target for women: N/A Target for youth: N/A Target for persons with disabilities: N/A Target for older persons: N/A <input checked="" type="checkbox"/> None of the above
Medium-Term Development Plan (MTDP)	Confirm whether the deliverables measured by this indicator contribute towards the following strategic priority areas in the MTDP: <input type="checkbox"/> Strategic Priority 1: Drive inclusive growth and job creation <input checked="" type="checkbox"/> Strategic Priority 2: Reduce poverty and tackle the high cost of living - Social cohesion and nation-building. <input type="checkbox"/> Strategic Priority 3: Build a capable, ethical and developmental state -Improved governance and performance of the Western Cape Cultural Commission. <input type="checkbox"/> None of the above
Provincial Strategic Plan (PSP)	<input type="checkbox"/> G4J <input checked="" type="checkbox"/> Safety <input checked="" type="checkbox"/> Educated, Healthy & Caring Society <input type="checkbox"/> Innovation, Culture & Governance <input type="checkbox"/> None of the above
Key deliverables measured for delivery	Ensure the upkeep of the cultural facilities which secure the high standard for clients to enjoy their stay at the facility. Furthermore, limit the security breaches through the budgeting and procurement of security services and security features at the facilities.

Indicator number	1.3.
Indicator title	Number of approved bookings at the cultural facilities
Short definition	Usage of the cultural facilities for various activities
Purpose	To provide a booking system that is accessible for all users.
Key Beneficiaries	Communities
Source of data	Electronic Booking system
Data limitations	System failure
Assumptions	Facilities will be booked
Means of verification	Booking reports and booking register (electronic data)
Portfolio of Evidence (POE) availability	<p>The WCCC evidence related to the output indicator will be stored on the ECM system in line with the uniformed DCAS filing system.</p> <p>Each document is dated, signed off by the relevant manager, cross-referenced with the TID and includes all required evidence as per the TID.</p>
Method of Calculation	Count
Calculation type	Cumulative <input type="checkbox"/> Year-end <input type="checkbox"/> Year-to-date <input checked="" type="checkbox"/> Non-cumulative
Reporting Cycle	<input type="checkbox"/> Quarterly <input type="checkbox"/> Bi-annually <input checked="" type="checkbox"/> Annually
Desired performance	<input checked="" type="checkbox"/> Higher than target <input type="checkbox"/> On target <input type="checkbox"/> Lower than target
Type of indicator	<p>Is this a Service Delivery Indicator?</p> <input checked="" type="checkbox"/> NO <input type="checkbox"/> YES, Direct Service Delivery <p>If yes, confirm the PSP integrated impact area(s) that the deliverable(s) measured through this indicator will improve (multiple selections can also be made):</p> <input type="checkbox"/> Households and Human Development <input type="checkbox"/> Cohesive Communities <input type="checkbox"/> Youth Agency and Preparedness <input type="checkbox"/> Economic and Growth Opportunities
	<p>Is this a Demand Driven Indicator?</p> <input checked="" type="checkbox"/> YES <input type="checkbox"/> NO
	<p>Is this a Standardised Indicator?</p> <input type="checkbox"/> YES <input checked="" type="checkbox"/> NO
Spatial Location of Indicator	<p>Number of locations: <input type="checkbox"/> Single Location <input checked="" type="checkbox"/> Multiple Locations</p> <input type="checkbox"/> Provincial <input type="checkbox"/> District <input checked="" type="checkbox"/> Local Municipality <input type="checkbox"/> Ward <input type="checkbox"/> Address <p>Detail/Address/Co-ordinates:</p> <p>For multiple delivery locations, will this be shared in the Annual Operational Plan (AOP)</p> <input checked="" type="checkbox"/> YES <input type="checkbox"/> NO
Indicator Responsibility	Responsibility manager
Spatial transformation	Spatial transformation priorities: Description of spatial impact: Preserve cultural traditions of communities
Disaggregation of beneficiaries – Human Rights Groups	Target for women: N/A Target for youth: N/A Target for persons with disabilities: N/A Target for older persons: N/A <input checked="" type="checkbox"/> Bookings for the facilities are made by all groups listed above

Medium-Term Development Plan (MTDP)	Confirm whether the deliverables measured by this indicator contribute towards the following strategic priority areas in the MTDP: <input type="checkbox"/> Strategic Priority 1: Drive inclusive growth and job creation <input type="checkbox"/> Strategic Priority 2: Reduce poverty and tackle the high cost of living - Social cohesion and nation-building. <input type="checkbox"/> Strategic Priority 3: Build a capable, ethical and developmental state - Improved governance and performance of the Western Cape Cultural Commission. <input checked="" type="checkbox"/> None of the above
Provincial Strategic Plan (PSP)	<input type="checkbox"/> G4J <input checked="" type="checkbox"/> Safety <input checked="" type="checkbox"/> Educated, Healthy & Caring Society <input type="checkbox"/> Innovation, Culture & Governance <input type="checkbox"/> None of the above
Key deliverables measured for delivery	The Entity ensures that the Cultural Facilities Online Booking system is fully operational for the clients to capture their bookings effectively.

Annexure A: NSDF and the District Delivery Model

Areas of Intervention (examples)	Medium Term (3 years - MTEF)					
	Location: GPS co-ordinates	Project Description	Budget allocation	District Municipality	Project leader	Social partners
Melkbos Cultural Centre	Latitude: -33.736188 Longitude: 18.438899	Maintenance of facilities	2025/26: R 9 543m	City of Cape Town	Craig Johnson	Stellenbosch Municipality
Melkbos OppieSee cultural facility	Latitude: -33.740373 Longitude: 18.442458		2026/27: R2 502m	City of Cape Town		Agricultural Research Council
Groot Drakenstein cultural facility	Latitude: -33.833028 Longitude: 18.963765		2027/28: R2.5m	Cape Winelands		CapeNature
Bien Donne Manor House	Latitude: -33.833028 Longitude: 18.963765			Cape Winelands		
Okkie Jooste Cultural Facility	Latitude: -33.965293 Longitude: 18.925112			Cape Winelands		
Koekenaap cultural facility	Latitude: -31.52710704 Longitude: 18.2526466			West Coast		
Schoemanspoort cultural facility	Latitude: -33.44226 Longitude: 18.2526466			Garden Route		



Wes-Kaapse
Regering



Western Cape Cultural Commission
Wes-Kaapse Kultuurkommissie
IKhomishoni yeNkcubeko yeNtshona Koloni

Kultuursake en Sport

Jaarlikse Prestasieplan 2026/2027

INHOUDSOPGAWE

VERKLARING VAN DIE UITVOERENDE GESAG	2
VERKLARING VAN DIE REKENPLIGTIGE GESAG	3
AMPTELIKE AFTEKENING	4
AKRONIEME	5
DEEL A: ONS MANDAAT	6
1. Grondwetlike mandaat	6
2. Wetgewende en beleidsmandate	7
3. Institusionele beleide en strategieë oor die vyfjaarbeplanningstydperk	14
4. Bywerkings aan tersaaklike hofuitsprake	14
DEEL B: ONS STRATEGIESE FOKUS	15
5. Visie	15
6. Missie	15
7. Waardes	15
8. Situasië-ontleding	15
8.1 Ontleding van eksterne omgewing	15
8.2 Ontleding van interne omgewing	16
DEEL C: METING VAN ONS PRESTASIE	18
9. Institusionele programprestasië-inligting	18
9.1 Uitkomst, uitsette, uitsetaanwysers en teikens	18
9.2 Aanwysers, jaarlikse en kwartaallikse teikens	19
9.3 Uiteensetting van beplande prestasië oor die medium termyn	19
10. Program se hulpbronnorwegings	20
11. Bygewerkte sleutelrisiko's	21
12. Infrastruktuurprojekte	21
13. Publieke-privaat vennootskappe	21
DEEL D: TEGNIESE BESKRYWING VAN AANWYSERS (TBA)	22
BYLAES TOT DIE STRATEGIESE PLAN	27
Bylae A: NROR en die distriksleweringsmodel	27

VERKLARING VAN DIE UITVOERENDE GESAG

Kultuur bou gemeenskappe. Gemeenskappe bou ekonomieë.


Die Wes-Kaapse Kultuurkommissie (WKKK) speel 'n strategiese rol om seker te maak dat kultuurinfrastruktuur en gemeenskapsinstellings nie rustende bates is nie, maar aktiewe platforms vir jeugontwikkeling, maatskaplike samehorigheid en ekonomiese deelname.

Die 2026/27 Jaarlikse Prestasieplan weerspieël 'n doelbewuste skuif na prestasie, aanspreeklikheid en meetbare impak. Kultuurfasiliteite moet ten volle gebruik, behoorlik in stand gehou en finansiële verantwoordelik bestuur word. Hulle moet funksioneer as veilige, toeganklike gemeenskapspilpunte wat jeugveerkragtigheid, kreatiewe uitdrukking, vaardigheidsontwikkeling en plaaslike besighede ondersteun.

Die WKKK sal regeringsbestuurstoesig van Kultuurrade versterk, deursigtige registrasieprosesse verseker en finansiële dissipline versterk. Kultuurdiversiteit, insluitend die erfenis van die San- en Khoi-gemeenskappe, moet deur geloofwaardige, volhoubare instellings bewaar en opgehef word.

In 'n fisikaal beperkte omgewing kan ons nie ondoeltreffendheid bekostig nie. Die Kommissie sal vennootskappe deur die Bestuurde Netwerkmodel inspan, wat sal verseker dat hulpbronne strategies gemobiliseer word en dat gemeenskapsorganisasies bemagtigde vennote in die lewering van uitsette bly.

Hierdie JPP bevestig dat kultuur nie ornamenteel is nie, dit is fundamenteel. Die WKKK sal voortgaan om te werk met integriteit, helderheid van mandaat en 'n sterk fokus op uitkomste wat bydra tot 'n samehorige en ekonomies gesonde Wes-Kaap.



RICARDO MACKENZIE
Uitvoerende Gesag
Maart 2026

VERKLARING VAN DIE REKENPLIGTIGE GESAG

Dit is vir my 'n groot plesier om die Wes-Kaapse Kultuurkommissie (WKKK) se 2026/2027 Jaarlikse Prestasieplan (JPP) voor te lê. Dit is 'n grondige en duidelike plan met 'n uiteensetting van die strategieë, doelwitte en bemagtigers wat geïdentifiseer is om die WKKK te ondersteun in die verwesenliking van sy volle potensiaal en om belanghebbendes na groter hoogtes te inspireer. Die JPP is in ooreenstemming met die WKKK se Strategiese Plan vir die tydperk 2025/2026 – 2029/2030 saamgestel en voorberei, en weerspieël die prestasieteikens wat die WKKK sal poog om te behaal met die hulpbronne wat in die begroting vir die boekjaar 2026/2027 beskikbaar gestel is.

Die WKKK se drie prestasie-areas wat deur die Wet bepaal word, is die beheer, bestuur, ontwikkeling en instandhouding van roerende en onroerende eiendom; die bestuur van die registrasie en deregistrasie van kultuurrade; en advies aan die Provinsiale Minister te bied oor hoe om die mandaat van die WKKK ten beste uit te voer. Die kommissie sien daarna uit om binne dié drie prestasie-areas sy innoverende idees te implementeer om die toeganklikheid van kultuurfasiliteite te verbeter en 'n meer gebruikersvriendelike ervaring te skep. Die Komitee oor Kultuurfasiliteite werk onverpoos om die sigbaarheid en vordering van fasiliteite onder sy beheer te verseker. Die WKKK poog om deur die Komitee oor Kultuurrade die registrasie van verdienstelike kultuurrade te verhoog. Dit sal doelgerigte interaksie met gepaste belanghebbendes vereis.

Hierdie JPP demonstreer die verbintenis om die WKKK se take te verrig en 'n gehaltdiens deur middel van sy kernfunksies te lewer. Die WKKK sal in ooreenstemming met sy visie doeltreffend tot die groei en ontwikkeling van 'n dinamiese kulturomgewing vir 'n verenigde Wes-Kaap bydra.



Portia Khati
Uitvoerende Gesag namens die Wes-Kaapse Kultuurkommissie
Maart 2026

AMPTELIKE AFTEKENING

Daar word hiermee gesertifiseer dat hierdie Jaarlikse Prestasieplan:

- onder leiding van Minister Ricardo Mackenzie deur die bestuur van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie opgestel is.
- alle tersaaklike beleide, wetgewing en ander mandate waarvoor die Wes-Kaapse Kultuurkommissie verantwoordelik is, in ag neem.
- 'n akkurate weergawe is van die impak, uitkomst en uitsette wat die Wes-Kaapse Kultuurkommissie sal poog om gedurende die 2026/27-tydperk te behaal.

Brenda Rutgers:
Hoof- Finansiële Beampte



Portia Khati
Rekenpligtige Gesag: Namens die WKKK



Guy Redman:
Rekenpligtige Beampte: Departement van Kultuursake en Sport



Goedgekeur deur:
Ricardo Mackenzie:
Uitvoerende Gesag van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie
Maart 2026



AKRONIEME

BBSEB	Breëbasis swart ekonomiese bemagtiging
CAPEX	Kapitaaluitgaweverslag
D: ORB	Direktoraat Ondernemingsrisikobestuur, Departement van die Premier
DKES	Departement van Kultuursake en Sport
DPG	Departement van Polisie-toesig en Gemeenskapsveiligheid
DSKK	Departement van Sport, Kuns en Kultuur
Dvl	Departement van Infrastruktuur
EKPVS	Elektroniese kwartaallikse prestasieverslagdoeningstelsel
GBBP	Gebruikerbatesbestuursplan
HFB	Hoof- Finansiële Beampte
LUR	Lid van die [Provinsiale] Uitvoerende Raad
MTOP	Mediumtermynontwikkelingsplan
MTUR	Mediumtermynuitgaweraamwerk
NKR	Nasionale Kunstraad
NTR	Nasionale Tesourieregulasies
OGSA	Ouditeur-generaal van Suid-Afrika
OIB	Ondernemingsinhoudbestuur
ORB	Ondernemingsrisikobestuur
ORBekom	Ondernemingsrisikobestuur-en-etiekkomitee
PAA	Wet op Openbare Oudit
PSP	Provinsiale Strategiese Plan
PTI	Provinsiale Tesourie-instruksies
RBPI	Raamwerk vir die bestuur van programprestasie-inligting
RG	Rekenpligtige Gesag
TBA	Tegniese beskrywing van aanwyser
UOWP	Uitgebreide Openbare Werke-program
WBTI	Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting
WKKK	Wes-Kaapse Kultuurkommissie
WOFB	Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999

DEEL A: ONS MANDAAT

1. GRONDWETLIKE MANDAAT

Artikel	Direkte verantwoordelikheid van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie
Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996	
Artikel 30: Taal en kultuur	Die WKKK fasiliteer geleenthede vir die mense van die Wes-Kaap om hul taal- en kultuurregte uit te oefen deur middel van die aanbieding en ondersteuning van programme en projekte.
Artikel 31: Kultuur-, geloofs- en taalgemeenskappe	Die WKKK moet verseker dat sy programme en projekte die kultuurdiversiteit van die Wes-Kaapse bevolking respekteer.
Artikel 41: Beginsels van samewerkende regering en interregeringsbetrekkings	Die WKKK werk saam met alle vlakke van die regering om sy mandaat uit te voer.
Bylae 4: Funksionele gebiede van konkurrente nasionale en provinsiale wetgewende bevoegdheid	<p>Kultuuraangeleenthede:</p> <ul style="list-style-type: none"> Die WKKK werk nou saam met die Departement van Sport, Kuns en Kultuur en verwante staatsorgane ten opsigte van samelopende kuns-, kultuur- en erfenisaangeleenthede.
Artikel 195: Basiese waardes en beginsels wat openbare administrasie reguleer	Amptenare van die Departement van Kultuursake en Sport moet aan die bepalings van artikel 195 voldoen; dit bevat 'n beskrywing van die demokratiese waardes en beginsels wat openbare administrasie beheer. Artikel 195(1)(b) bepaal die bevordering van die doeltreffende, ekonomiese en doelmatige benutting van hulpbronne. Dit impliseer dat programme wat in die openbare sektor onderneem word, maksimum voordele teen die laagste moontlike koste moet lewer.
Grondwet van die Wes-Kaap, 1998 (Wet 1 van 1998)	
Artikel 70	<p>Provinsiale wetgewing moet binne die beskikbare hulpbronne van die Wes-Kaapse Regering voorsiening maak vir die instelling en redelike befondsing van 'n kultuurraad of -rade vir 'n gemeenskap of gemeenskappe in die Provinsie wat 'n algemene kultuur- en taalerfenis deel.</p> <p>Registrasie van en ondersteuning aan kultuurrade:</p> <ul style="list-style-type: none"> Die Wes-Kaapse Kultuurkommissie is verantwoordelik vir die registrasie en ondersteuning van geregistreerde kultuurrade. Die DKES hou toesig oor die WKKK en voorsien administratiewe en finansiële ondersteuning aan die kommissie.
Artikel 81	<p>Die WKKK moet beleide aktief aanneem en implementeer om die welstand van die mense van die Wes-Kaap te bevorder en te handhaaf, insluitende beleide wat daarop gemik is om die volgende te bereik:</p> <ul style="list-style-type: none"> die bevordering van respek vir die regte van kultuur-, geloofs- en taalgemeenskappe in die Wes-Kaap; en die beskerming en bewaring van die natuurhistoriese, kultuurhistoriese, argeologiese en argitektoniese erfenis van die Wes-Kaap tot voordeel van huidige en toekomstige geslagte. <p>Die WKKK verseker dat die DKES in die kultuurbehoefte van gemeenskappe in die Wes-Kaap voorsien, soos deur wetgewing voorgeskryf.</p>

2. WETGEWENDE EN BELEIDSMANDATE

Die Wes-Kaapse Kultuurkommissie is deur die Wet op die Wes-Kaapse Kultuurkommissie en Kultuurrade, 1998 (Wet 14 van 1998) ingestel. Die WKKK is op 1 Junie 2001 as 'n Bylae 3-, deel C- provinsiale openbare entiteit gelys ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999).

Die WKKK funksioneer volgens die volgende wetgewende en beleidsmandate:

2.1 Wetgewende mandate

Wetgewing	Verwysing	Sleutelverantwoordelikhede van die WKKK
Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999	Wet 1 van 1999	Die WKKK dien kwartaallikse en jaarlikse verslae in oor sy prestasielewering en geouditeerde finansiële state wat op die jaarlikse teikens van strategiese doelwitte vir elke boekjaar gegrond is.
Wet op die Wes-Kaapse Kultuurkommissie en Kultuurrade, 1998	Wet 14 van 1998	Die oogmerke van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie is om kultuur in die Wes-Kaap te bewaar, bevorder en ontwikkel volgens 'n beleid wat deur die LUR (lid van die [provinsiale] Uitvoerende Raad) bepaal word. Die mandaat van die WKKK is om die LUR te adviseer oor die bewaring, bevordering en ontwikkeling van kuns en kultuur in die Wes-Kaap.
Wet op Tradisionele en Khoi-San-Leierskap, 2019	Wet 3 van 2019	Die hoofdoelwitte van die Wet is: <ul style="list-style-type: none"> • Om voorsiening te maak vir die erkenning van Khoi-San-leierskap; • Om die Wet op die Nasionale Huis van Tradisionele Leiers, 2009 en die Wet op Tradisionele Leierskap en Regeringsraamwerk, 2003 te konsolideer; • Om aan sekere beperkings in die bestaande wetgewing aandag te skenk; • Om gevolglike wysigings aan ander wette aan te bring.
Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 2000	Wet 3 van 2000	Hierdie Wet: <ul style="list-style-type: none"> • bepaal die reëls en riglyne wat administrateurs tydens besluitneming moet nakom; • vereis dat administrateurs mense meedeel oor hulle reg op hersiening of appèl en hulle reg om redes daarvoor te versoek; • vereis dat administrateurs redes vir hul besluite moet gee; en aan lede van die publiek die reg moet gee om die besluite van administrateurs in die hof uit te daag.
Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000	Wet 2 van 2000	Hierdie Wet gee uitvoering aan die reg om toegang te verkry tot rekords wat deur die staat, regerings-instellings en privaat liggame gehou word. Die entiteit moet onder meer: <ul style="list-style-type: none"> • 'n handleiding opstel wat aan lede van die publiek verduidelik hoe om 'n aansoek in te dien om toegang tot inligting wat daardie entiteit hou; • 'n inligtingsbeampte aanstel om aansoeke om inligting wat die entiteit hou, te oorweeg.

Wetgewing	Verwysing	Sleutelverantwoordelikhede van die WKKK
Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting	Wet 4 van 2013	Die doel van hierdie Wet is om – <ul style="list-style-type: none"> • gevolg te gee aan die grondwetlike reg op privaatheid, deur persoonlike inligting te beskerm wanneer dit deur 'n verantwoordelike party geprosesseer word, onderhewig aan regverdigbare beperkings wat gerig is op die– • (i) balansering van die reg op privaatheid teenoor ander regte, in besonder die reg op toegang tot inligting; en (ii) beskerming van belangrike belange, met inbegrip van die vrye vloei van inligting binne die Republiek en oor internasionale grense; • die wyse waarop persoonlike inligting geprosesseer mag word, te reguleer deur voorwaardes, in harmonie met internasionale standaarde, te vestig wat die minimum vereistes vir die regmatige prosessering van persoonlike inligting voorskryf; • persone van regte en remedies te voorsien ten einde hul persoonlike inligting teen prosessering wat nie in ooreenstemming met hierdie Wet is nie, te beskerm; en vrywillige en verpligte maatreëls, met inbegrip van die instelling van 'n Inligtings-reguleerder, in te stel, ten einde respek vir, en die bevordering, afdwinging en verwesenliking van, die regte wat in hierdie Wet beskerm word, te verseker.
Wet op die Staatsinligtingstegnologie-agentskap	Wet 88 van 1998	Dié wet stel die Staatsinligtingstegnologie-agentskap in. Die agentskap is verantwoordelik vir die verskaffing van inligtingstegnologiesdienste aan die staatsdiensadministrasie. Die WKKK moet via die Departement alle goedere en dienste ten opsigte van inligtingstegnologie van of deur die agentskap verkry.

2.2 Beleidsmandate

Beleid	Beskrywing
Gedragkode vir lede van die WKKK	Die hoofdoel van die kode is om voorbeeldige gedrag onder lede te bevorder om institusionele geloofwaardigheid aan die WKKK te verleen.
Beleid oor die registrasie en deregistrasie van kultuurrade	Hierdie beleid bepaal die registrasie van kultuurrade vir die verteenwoordiging van mense wat 'n gemeenskaplike kultuur- of taalerfenis deel. Dit gee uitvoering aan die beginsel om kultuurdiversiteit in die Wes-Kaap en Suid-Afrika in die geheel te respekteer, koester, handhaaf en bewaar. Die beleid stel die WKKK in staat om kultuurrade te deregistreer wanneer daar goeie redes voor bestaan.
Beleid oor die benutting van kultuurfasiliteite	Dié beleid voorsien 'n raamwerk waarbinne die rekenpligtige gesag van die WKKK inkomste ekonomies en doeltreffend moet bestuur, en bevorder die volle benutting van bates onder die kommissie se beheer.
WKKK-delegasies	Delegasies van bevoegdheid uitgereik deur die Rekenpligtige Beamppte ingevolge artikel 44(1) en 44(2) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999.
Raamwerk vir wesenlikheid	Daar word van die Rekenpligtige Gesag vereis om 'n raamwerk vir aanvaarbare vlakke van wesenlikheid en belang te ontwikkel en met die Uitvoerende Gesag, in oorleg met eksterne ouditeurs, ooreen te kom.
Bedrogvoorkomingsplan	Die beleid verskaf responsiewe meganismes vir die aanmelding, ondersoek en oplossing van voorvalle van bedrog wat 'n impak op die WKKK het.
Debiteurebestuur	Die Rekenpligtige Gesag moet debiteure vir die benutting van kultuurfasiliteite beheer.
Vergoeding van lede	Die fasilitering van betaling aan lede van die WKKK wat benoem is om konferensies, projekte, vergaderings en werksinkels namens die kommissie by te woon.

Oorsig van die Mediumtermynontwikkelingsplan (MTOP) 2024-2029

Die WKKK is daartoe verbind om gedurende jaar twee van die vyfjaartermyn uitvoering te gee aan die oogmerke van die NOP, die MTOP se strategiese prioriteite en die Provinsiale Strategiese Plan in die uitvoering van sy mandaat vir die jaar 2026/27.

Die Mediumtermynontwikkelingsplan (MTOP) 2024-2029 dien as die vyfjaar- strategiese plan vir Suid-Afrika se Sewende Administrasie onder die Regering van Nasionale Eenheid (RNE). Dit dien as die implementeringsraamwerk vir die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP): Visie 2030 en stem ooreen met die NOP se doelwitte, terwyl ontwikkelingsuitkomste en ekonomiese groei beklemtoon word.

Die MTOP vervang die Mediumtermyn- Strategiese Raamwerk (MTR) en is ontwerp om op minder, hoë-impak-ingrypings te fokus om meetbare resultate aan te dryf. Dit is op 29 Januarie 2025 deur die Kabinet se Iekgotla goedgekeur en is op die volgende drie strategiese kernprioriteite gegrond:


1. Inklusiewe groei en werkskepping (topprioriteit) – dryf ekonomiese ingrypings op alle vlakke van regering aan.
2. Verminder armoede en pak die hoë lewenskoste aan – verseker maatskaplike beskerming en ekonomiese insluiting.
3. Bou 'n bevoegde, etiese en ontwikkelingsgerigte staat – versterk regeringsbestuur, wet en orde, en instaatstellende ninfrastruktuur.

Die WKR belyn sy strategieë met die MTOP se prioriteite, maar handhaaf sy eie provinsiale mandate deur die Provinsiale Strategiese Plan (PSP) en die Provinsiale Strategiese Implementeringsplan (PSIP).

- **Ekonomiese groei en werkskepping:** Die WKR sal daartoe bydra deur provinsiale ekonomiese beleide, die aantrekking van belegging, vaardigheids-ontwikkeling en infrastruktuurprojekte wat die nasionale fokus op inklusiewe groei ondersteun.
- **Armoedeverligting en maatskaplike ingrypings:** Die WKR se maatskaplike ontwikkelingsprogramme, gesondheidsinisiatiewe en onderwys-hervormings sal in ooreenstemming wees met die nasionale klem op die verlaging van lewenskoste.
- **Bou 'n bevoegde staat:** Die WKR se innoverende regeringsbestuur, doeltreffende dienslewering en regulatoriese raamwerke sal die nasionale doelwit ondersteun om institusionele kapasiteit en etiese leierskap te versterk.

Die NOP het ten doel om teen 2030 armoede uit te wis en ongelykhede te verminder. Die WKKK sal sy aktiwiteite belyn met die prioriteite wat in die MTOP uiteengesit is deur middel van geïntegreerde programmering en belyning met die fokus op prioriteite van Groei-vir-Werk, Veiligheid, en Innovering, Kultuur en Regeringsbestuur..

Die MTOP bevat drie prioriteitsuitkomste en is soos volg met die NOP belyn::





Die WKKK se bydrae tot die bereiking van die drie nasionale prioriteite word hier onder uiteengesit. .

MTOP-prioriteit	WKKK se bydrae
Prioriteit 1: Inklusiewe groei en werkskepping	<p>Kultuurfasiliteite speel 'n belangrike rol in jeugontwikkeling deur veilige ruimtes te bied vir jongmense om hul kreatiwiteit te verken, selfvertroue te bou en aan betekenisvolle programme deel te neem.</p> <p>Hierdie fasiliteite skep ook geleenthede vir UOWP-begunstigdes om toegang tot tydelike werk te kry, tot huishoudelike inkomste by te dra en waardevolle vaardighede aan te leer wat hul oorgang na permanente werk kan ondersteun.</p> <p>Verder is die programme wat deur die WKKK ondersteun word, daarop gerig om kulturele praktyke te bevorder en te bewaar, en om 'n waardering en agting vir die diverse kulture in die Wes-Kaap te bevorder. Kultuurrade se verskeie inisiatiewe versterk en verhef die gemeenskappe waarin hulle werksaam is en dra dus by om maatskaplike samehang te bou en die begrip van kultuurdiversiteit waar mense woon, werk en speel, te bevorder.</p>
Prioriteit 2: Verminder armoede en pak die hoë lewenskoste aan	<p>Die befondsing wat aan kultuurrade voorsien word, ondersteun 'n wye reeks gemeenskapsinisiatiewe en brei toegang tot kulturele ervarings vir almal uit, ongeag die geografiese ligging of maatskaplik-ekonomiese omstandighede. Hierdie programme fokus op die bemagtiging van kultuurpraktisyns in gemeenskappe sodat hulle 'n loopbaan in die kultuursektor kan volg en hul talente kan gebruik om inkomste te genereer en tot armoedeverligting by te dra.</p> <p>Kultuurfasiliteite word aktief deur NRO's, gemeenskapsorganisasies, godsdienstige groepe, onderwysinstellings en regeringsdepartemente vir kultuuraktiwiteite benut ten einde maatskaplike insluiting en welstand te bevorder. Hierdie fasiliteite bied ook aan jongmense positiewe, verrykende omgewings wat gesonde alternatiewe bied vir die maatskaplike uitdagings waarvoor baie gemeenskappe te staan kom.</p>
Prioriteit 3: Bou 'n bevoegde, etiese en ontwikkelingsgerigte staat	<p>Kulturele uitdrukking speel 'n kernrol in die oordrag van kennis en die bevordering van morele en maatskaplike waardes. Die bevordering en bewaring van kultuur is noodsaaklik om die maatskaplike struktuur van gemeenskappe te handhaaf en betekenisvol tot die ontwikkeling van volhoubare menslike nedersettings by te dra.</p> <p>Die WKKK bevorder deur die ondersteuning van kultuurrade begrip, verdraagsaamheid en maatskaplike verbintenis. Hierdie interaksies verbreed deelnemers se perspektief en bevorder 'n waardering vir diversiteit. Deur geleenthede vir kwesbare en gemarginaliseerde groepe te skep, ondersteun die WKKK platforms vir maatskaplike interaksie en dialoog en versterk sodoende die maatskaplike insluiting en samehang in gemeenskappe. 'n Samelewing waar betekenisvolle betrokkenheid en maatskaplike insluiting geprioritiseer word, word deur hierdie inisiatiewe aktief deur die WKKK bevorder.</p> <p>Die WKKK sal verder uitvoering gee aan die Bestuurde Netwerk-model om te verseker dat sy strategiese doelwitte en dienste deur middel van doeltreffende vennootskappe met sleutelbelanghebbendes gelewer word. Hierdie model bevorder kostedoeltreffendheid en stel gemeenskapsorganisasies in staat om 'n aktiewe rol in die opheffing en ontwikkeling van hul eie gemeenskappe te speel.</p>

Daarbenewens is die Verenigde Nasies se Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte (VOD'e) 17 niebindende globale doelwitte wat met die NOP en Provinsiale Strategiese Plan ooreenstem. As deel van die 2030 Agenda vir Volhoubare Ontwikkeling beklemtoon hierdie VOD'e die belangrikheid van 'n geïntegreerde benadering wanneer die ekonomiese, omgewings- en maatskaplike toestande behandel word, en dit sal tydens projekbeplanning en implementering in ag geneem word. Die WKKK se werk kan aan die volgende NOP- en VOD-doelwitte gekoppel word:



Afrika Agenda 2063


Die werksaamhede van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie (WKKK) is in lyn met die Afrika Agenda 2063 wat 'n kultureel lewenskragtige, maatskaplik samehangende en verenigde Afrika in die vooruitsig stel. Ons fokus behels onder meer om gemeenskapsgebaseerde kulturele ontwikkelingsprogramme deur middel van kultuurrade te ondersteun om plaaslike erfenis te bevorder en kultuuridentiteit te versterk. Verder verseker die WKKK toeganklike kultuurfasiliteite wat goed in stand gehou word en bevorder sodoende inklusiewe ruimtes vir artistieke en kulturele betrokkenheid. Die WKKK sal dialoog aanmoedig, inheemse kennisstelsels bewaar en diverse kulturele uitdrukkings vier deur inisiatiewe vir kennisdeling oor alle geslagte heen aan te moedig. Hierdie strategiese ingrypings dra by tot Aspirasie 5 van Agenda 2063 wat 'n Afrika met 'n sterk kultuur-identiteit, gemeenskaplike erfenis, gedeelde waardes en etiek bepleit, en dra by tot die bevordering van maatskaplike transformasie en veerkragtigheid in die Wes-Kaap.

PROVINSIALE BELEIDSKONTEKS

Die PSP vir die 2025-2030-tydperk koppel Groei-vir-Werk, Veiligheid, 'n Opgeleide, Gesonde en Sorgsame Samelewing, en Innovering, Kultuur en Regeringsbestuur as die sleutelareas vir ingryping. Die aktiwiteite van die WKKK sal die behoeftes van kliënte deur die loop van die lewensiklus in ag neem, en inisiatiewe sal onderneem word om daaraan aandag te skenk.

Die Provinsiale Strategiese Plan (PSP) 2025-2030

Die plan verskaf oorkoepelende rigting vir regeringsoptrede en fokus op mens-gesentreerde uitkomstes wat betekenisvolle verandering vir inwoners aandryf.



Provinsiale portefeuljes

Die implementering van die PSP word deur vier provinsiale portefeuljes aangedryf. Die portefeuljes is klusters van departemente wat strategiese rigting verskaf en pogings koördineer vir die implementering van programme wat met die Wes-Kaapse Regering se sleutelprioriteite ooreenstem. Hierdie prioriteite strek oor ekonomiese, veiligheids-, maatskaplike en institusionele beleidsdomeine.

Die portefeuljes monitor en beheer hoë-prioriteit-projekte en -programme om 'n samehangende en gekoördineerde benadering tot die bereiking van gedeelde uitkomst te verseker. Elke departement dra tot een of meer portefeuljes by deur geteikende ingrypings te implementeer wat die bedoelde impak van daardie portefeulje ondersteun.

Die vier strategiese portefeuljes is::

- 

Groei vir Werkgeleenthede

Die Wes-Kaap behaal uitsonderlike ekonomiese groei wat vertrou, hoop en geleenthede vir vooruitgang skep.
- 

'n Opgevoede, Gesonde en Sorgsame Samelewing


Elke persoon het toegang tot die geleentheid om in 'n inklusiewe samelewing 'n gesonde, sinvolle en waardige lewe te lei.
- 

Veiligheid

Die Wes-Kaap is 'n veerkragtige en veilige samelewing.
- 

Innovering, Kultuur en Regeringsbestuur

Die WKR is 'n mensgesentreerde instelling wat hulpbronne vir dienslewering op 'n innoverende, doeltreffende en samewerkende wyse mobiliseer.



Die PSP volg 'n lewensloop- en stelselbenadering om die doeltreffendheid van regeringsingrypings te maksimeer. Dit beteken dat beleide en programme oorweging skenk aan die behoeftes en verantwoordelikhede van inwoners, vanaf die kinderjare tot bejaarde ouderdom, om te verseker dat regeringsdienste dienoooreenkomstig gestruktureer word.

Die PSP bevorder 'n geïntegreerde benadering waarvolgens departemente en entiteite saamwerk om die geïntegreerde impak vir elk van die uiteengesette vier gebiede van die lewensloop te behaal.

Hierdie geïntegreerde impakgebiede is::

Huishoudings en menslike ontwikkeling	Die daarstelling van veilige, gesonde omgewings wat lewenslange ontwikkeling en selfgenoegsaamheid bevorder
Samehangende gemeenskappe	Versterk maatskaplike bande om veilige, sorgsame en veerkragtige gemeenskappe te bou.
Jeugbetrokkenheid en -gereedheid	Bemagtig jongmense met die vaardighede en geleenthede om aan die samelewing deel te neem, toegang tot ekonomiese geleenthede te kry en voortdurend te leer.
Ekonomiese en groeigeleenthede	Verbreed ekonomiese geleenthede en bevorder vertroue, hoop en vooruitgang.

Verder is daar twee transversale gebiede wat kyk na breër strukturele en omgewingsfaktore wat dienslewering bepaal en mense deur die volle lewensloop bemagtig::

Hulpbron-veerkragtigheid	Die daarstelling van veilige, gesonde omgewings wat lewenslange ontwikkeling en selfgenoegsaamheid bevorder
Ruimtelike transformasie, infrastruktuur en mobiliteit	Versterk maatskaplike bande om veilige, sorgsame en veerkragtige gemeenskappe te bou.

Die PSP sit sleutelfokusareas uiteen wat met sy portefeuljes en geïntegreerde impakgebiede belyn is. Sleutelfokusareas vir die WKKK sluit in:



Toenemende veerkragtigheid van die jeug, en burgerlike, opvoedkundige en ekonomiese deelname

Versterk die welstand en betrokkenheid van volwassenes en ouer persone,

As 'n entiteit van die DKES dra die WKKK deur die bogenoemde fokusareas by tot 'n geïntegreerde impak in huishoudings en menslike ontwikkeling, samehangende gemeenskappe, en jeugbetrokkenheid en -gereedheid deur die voorsiening van veilige ruimtes by die fasiliteite waar programme en vaardigheidsoordrag uitgevoer word.

3. INSTITUSIONELE BELEIDE EN STRATEGIEË OOR DIE VYFJAARBEPLANNINGSTYDPERK

Die WKKK implementeer sy werksaamhede en mandaat met inagneming van die ekonomiese, maatskaplike en politieke veranderinge wat in die huidige termyn heers. Die kommissie sal strategieë en beleide hersien om die optimale benutting van hulpbronne en opbrengste op menslike en finansiële beleggings te verseker.

Die JPP is gegrond op die regering se prioriteite soos uiteengesit in die MTOP en die PSP, en streef daarna om Visie 2030 te verwesenlik. Klem sal geplaas word op die hermodellering van die gebruik van die kultuurfasiliteite om kliëntgetalle te verhoog en bykomende inkomste te genereer.

4. BYWERKINGS AAN TERSAAKLIKE HOFUITSPRAKE

Nie van toepassing nie

DEEL B: ONS STRATEGIESE FOKUS

5. VISIE

Lewer 'n doeltreffende bydrae tot die groei en ontwikkeling van 'n dinamiese kultuuumgewing vir 'n verenigde Wes-Kaap.

6. MISSIE

Om kultuur in die Wes-Kaap te bewaar, te bevorder en te ontwikkel deur middel van:

- die registrasie en deregistrasie van kultuurrade;
- die verskaffing van finansiële ondersteuning aan geregistreerde kultuurrade;
- die beheer, bestuur, ontwikkeling en instandhouding van roerende en onroerende eiendom wat deur die Provinsiale Minister onder die kommissie se toesig geplaas word;
- die uitvoering van ander take en funksies wat deur die Provinsiale Minister toegewys word; en
- advieslewering aan die Provinsiale Minister ten opsigte van beleid.

7. WAARDES

Integriteit, verantwoordbaarheid, bevoegdheid, innovering, responsiwiteit en sorgsaamheid.

8. SITUASIE-ONTLEDING

Dra effektief by tot die groei en ontwikkeling van 'n dinamiese kultuuumgewing vir 'n verenigde Wes-Kaap.

Nieteenstaande 31 jaar van demokrasie, bestaan daar steeds ongelykhede in die sektor van kuns, kultuur en erfenis. Die WKKK sal gedurende die jaar daarop fokus om die kultuurlandskap van die Provinsie te herverbeel en te versterk, en sal voortgaan om die waarde van kultuur- en taaldiversiteit te erken en te vier. Die pilare wat hierdie inisiatiewe ondersteun, sluit Groei-vir-Werk, Veiligheid, Welstand en IKR (Innovering, Kultuur en Regeringsbestuur) in.

Die entiteit se fokus sal voortgaan om die volgende in te sluit, maar is nie daartoe beperk nie: beskerming en bevordering van die status van inheemse tale en kultuur, veral van die San- en Khoi-mense, herverbeelding van die kultuurfasiliteite en versterking van interaksie tussen die kultuurrade. Sodoende word daar beoog om 'n samehangende, lewenskragtige en gesonde Wes-Kaap te bevorder

8.1. Ontleding van die eksterne omgewing

POLITIEKE OMGEWING

Die WKKK sal gedurende die jaar verskeie inisiatiewe by die fasiliteite van stapel stuur, met inagneming van nuwe prioriteite en fokusareas vir die Provinsie en moontlike diensleweringbetogings wat die benutting en inkomste van fasiliteite kan beïnvloed. Hierdie inisiatiewe sal in ooreenstemming met die Provinsie se prioriteite geïmplementeer word en daarop fokus om veilige, samehangende en veerkrachtige gemeenskappe te bou en om bykomende inkomste te genereer om die volhoubaarheid van die fasiliteite te verseker.

EKONOMIE

Stygende koste en uitgawes op vervoer, voedsel en elektrisiteit het bykomende laste op huishoudings geplaas en dit sal 'n impak hê op besprekings wat gemaak word deur gemeenskapsorganisasies en skole in gebiede wat hulpbronarm is. Die WKKK neem die ongelykhede in ag wat in ons samelewing bestaan, en beoog om bykomende inkomstestrome en hersiene beleide vir kultuurfasiliteite bekend te stel.

MAATSKAPLIK

Werkloosheid onder jeugdige in Suid-Afrika bly 'n kritieke uitdaging en die Wes-Kaap ervaar ook aansienlike druk in dié verband. Hierdie krisis word aangedryf deur lae ekonomiese groei, onvanpaste vaardighede, gebrek aan werkservaring en ruimtelike ongelykheid.

Die Wes-Kaapse Kultuurkommissie (WKKK) sal hierdie uitdagings aanpak deur strategiese inisiatiewe te implementeer om die jeug te voorsien van geleenthede om waardevolle werkervaring by die fasiliteite op te doen en die vaardigheidsleemte deur middel van die Uitgebreide Openbare Werke-program en werksinkels vir jeugkapasiteit te oorbrug. Die WKKK het ten doel om sy hulpbronne, instellings en fasiliteite te gebruik om veilige ruimtes te skep, welstand te bevorder en 'n gevoel van samehorigheid te kweek. Die fasiliteite sal verder ontwikkel word om jongmense te voorsien van veilige ruimtes waar hulle aktief betrokke kan raak by aktiwiteite wat tot hul leer, gesondheid en welstand bydra.

TEGNOLOGIE

Die WKKK sal tegnologiese platforms by die kultuurfasiliteite optimeer om dienslewering te versterk. Die snelgroeende digitale omgewing is duidelik in die gebruik van sosiale platforms om interaksie te hê, te kommunikeer en toegang tot inligting te kry. Hierdie instrumente sal verder verken word en 'n bemerkingstrategie sal die werk van die entiteit optimaal bemark. Daar word beoog dat alle kultuurfasiliteite Wi-Fi sal hê om beter toegang tot inligting en doeltreffende dienslewering te verseker. Die elektroniese besprekingstelsels verseker 'n verbetering in dienslewering aan ons kliënte en bied aan hulle meer toegang en deursigtigheid, wat beteken dat minder klagtes en navrae ontvang word. Verdere verbeterings sal verken word om te help met die insameling van statistiese data vir verslagdoeningsdoeleindes.

OMGEWING

